# HOOFSTUK II

## DIE WESE EN DOEL VAN DIE UNIVERSITEIT EN VAN DIE P.U. VIR C.H.O. AS ŉ BEPAALDE UNIVERSITEIT

1. Ten einde die doeleindes en die nastrewing daarvan deur die verskillende departemente in perspektief te plaas en te evalueer is dit nodig om vooraf te bepaal wat die wese en doel van ŉ universiteit en van hierdie Universiteit in die besonder is.

2. DIE WESE VAN DIE UNIVERSITEIT

2.1 Uit onderhoude met dosente van die P.U. en uit verskeie geskrifte is dit duidelik dat daar vandag in die snel veranderende wêreld en ook in hierdie Universiteit groot meningsverskil bestaan aangaande die wese van ŉ universiteit. Vandaar dat besinning oor hierdie grondvraag noodsaaklik is.[1)]

2.2 Gesien in die lig van die Skrif as geopenbaarde waarheid is God die Skepper van hemel en aarde en ook van die mens. Hy is die Insteller van die huweliksgemeenskap en daardeur Insteller van alle samelewingskringe - sommige regstreeks, ander onregstreeks. Die universiteit is een van die samelewingskringe wat onregstreeks ingestel is via die ontplooiing van die Goddelike raadsplan.

2.3 God het egter elke ding na sy aard geskape, en hierdie waarheid handhaaf ons ook t.o.v. die samelewingsverbande wat Hy gewil het. Hieruit vloei die standpunt dat die universiteit, soos o.a. die kerk, staat en huisgesin, ŉ soewereiniteit in eie kring besit wat deur geen ander samelewingskring geskend mag word nie. Omdat dieselfde mense egter in verskeie samelewingskringe funksioneer, word ook die intieme samehang tussen alle samelewingskringe gehandhaaf. Was dit nie die geval nie, sou die verskeidenheid samelewingskringe ŉ innerlike verskeurdheid van die mens bewerk het. Vandaar ons standpunt dat die universiteit eiesoortig is, gelyk aan alle ander samelewingskringe en in intieme samehang met hulle.

2.4 In die universiteit as samelewingskring is mense t.o.v. ŉ gemeenskaplike belangstellingsfeer tot ŉ hegte eenheid saamgebind deur ŉ bepaalde organisasie. Hierdie mense is dosente, studente en administrateurs, en as mense is hulle religieuse wesens, dus onderworpe aan die liefdeswet en alle ander wette van God.

2.5 Die universiteit het as gevolg van sy oorsprong in die wil van God ŉ eie struktuurprinsipe waaraan hy moet beantwoord en wat alles bepaal wat universitêr is. Onder die supremaat hiervan moet die universiteitsgesagsdraers dan ook die liefdeswet positiveer tot universiteitswette en -regulasies. Doen hulle dit nie, skend hulle die struktuur van die universiteit.

---

1. Die medewerking van die departement Wysbegeerte word met dank erken.

2.6 Die belangstellingsfeer ten opsigte waarvan die mense tot ŉ hegte eenheid saamverbind is, is by die universiteit die beoefening van die wetenskap en die opvoeding van die student, en hieruit vloei voort dat die universiteit tweërlei funksie het, naamlik <u>wetenskapsbeoefening</u> en <u>opvoeding</u>.

2.7 Die P.U. vir C.H.O. is egter ŉ besondere universiteit, gefundeer op Calvinisties-Christelike beginsel, en het derhalwe ŉ besondere funksie. Soos aan alle universiteite moet ook aan die P.U. elke vertakking van die wetenskap, menslik gesproke, volkome ontgin word en moet die student onderrig en opgevoed word, maar die beginsel van hierdie Universiteit vereis nog meer, naamlik ŉ wetenskapsbeoefening en opvoeding soos belig deur die Woord,[1] en hierin lê die diepste wesenstrek van die P.U.

2.8 ŉ Universiteit is meer „... as ŉ blote opgaardam van geleerdheid of die voorpos van wetenskaplike ontwikkeling of die opleidingsplek vir toekomstige leierskap. Dit moet die brandpunt vir die benadering en oplossing van die grondvaagstukke van die lewe en wêreld wees."[2] Hieruit vloei voort dat alle universiteite na hulle wese inrigtings vir die ontginning van die volle ensiklopedie van die wetenskap en vir die deurskouing van die samehang en eenheid van ons kennis van lewe en wêreld is, maar dat hierdie Universiteit in die besonder ŉ inrigting is met ŉ Christelike interpretasie van wetenskap en met die roeping om te bestaan en te werk tot eer van God; om ŉ Christelike antropologie, etiek en logika te ontwikkel; om by die bestudering en beoefening van die afsonderlike velde van die wetenskap die Christelike norme toe te pas; om die sin en inhoud van die Christelike roeping te peil en na te leef; om ŉ Christelike politika te ontwikkel en na te leef; om ŉ Christelike metafisika te ontwikkel; en om ŉ geldige beskouing te formuleer en na te leef voor die doel, plek en inhoud van godsdienstige opvoeding.[3]

2.9 Na sy ware wese het die P.U. dan die besondere funksies van wetenskapsbeoefening en opvoeding „in U lig". Albei hierdie konsepte verg nadere beskouing.

2.9.1 <u>Wetenskapsbeoefening</u>

2.9.1.1 Wetenskapsbeoefening het drie fasette, te wete <u>kennisbemagtiging</u>, <u>kennisontginning</u> en <u>metodebeoefening</u>.

2.9.1.2 <u>Kennisbemagtiging</u> het twee fasette, naamlik deur die dosent en deur die student. Albei moet ŉ weg vind deur die opgehoopte kennis van eeue om ŉ sinvolle begrip van ŉ vak of ŉ afdeling van die wetenskap te verkry. Hiermee spring vier grondvrae onmiddellik na vore, naamlik die vrae na die mate van spesialisasie en die trap van ontwikkeling waarop spesialisasie moet plaasvind, na die fasette van die ensiklopedie van die wetenskap wat betrek moet word, na die mate waarin die universiteit vir professies moet voorberei, en na die verband tussen die universiteit en die lewe. Vir die verdere uitbouing van hierdie verslag is besinning oor en standpuntinname t.o.v. elkeen van hierdie vrae essensieel. Omdat hierdie vrae egter so innig met mekaar verband hou, sal die probleme in hulle vervlegtheid benader word.

---

1. H.J.J. Bingle e.a. : Rapport aan die Raad van die P.U. vir C.H.O. oor universiteitsontwikkeling, p. 46.
2. J.Chr. Coetzee : „Die Christelike universiteit", in <u>Koers</u>, April 1954, p.12.
3. Coetzee, Op. cit., 12-17.

2.9.1.2.1 Oor die vraagstuk van die mate van spesialisasie en die trap van ontwikkeling waarop dit moet plaasvind, is alreeds verskeie uitsprake gegee.[1] Vir ons moet kennisbemagtiging algemeen en besonder wees. Dit is ŉ waarheid waarmee groot erns gemaak moet word. Word hiermee nie rekening gehou nie, beland die universiteit in ŉ krisis soos die waarin die hele wêreld tans vasgevang is, en wel omdat universiteite dikwels eensydig ontwikkel het in die rigting van spesialisasie. Fundamenteel bly die universiteit ŉ inrigting vir sintese, sistematisering en integrasie van kennis, vir die oordrag en uitbouing van kultuur en in besonder van nasionale kultuur; en as hierdie waarheid verontagsaam word, bestaan die gevaar dat die universiteit intellektuele barbare sal kweek. Vandaar dat die universiteit steeds daarop ingestel moet wees om harmoniese, ewewigtig ontplooide, geïntegreerde persoonlikhede die lewe in te stuur - dog sonder dat daardeur aan die noodsaaklike spesialisasie, soos deur die lewe vereis, afbreuk gedoen word.

2.9.1.2.2 Hierdie ideaal van algemene vorming met die nodige spesialisasie plaas ŉ sware verantwoordelikheid op elke verantwoordelike instansie aan die universiteit. Die indiwiduele dosent moet steeds daarop ingestel wees dat hy met die vorming van die mens te doen het en dat harmonie tussen al sy funksies gehandhaaf moet word, dat ŉ mens in al sy aspekte - dus ook as vakkundige, as beroepsmens - gevorm moet word. Ook elke departement moet hiermee rekening hou : by die bepaling van sy leergang en leerplanne; by die keuse van sy verpligte en opsionele byvakke moet nie slegs die belange van die studievak nie maar ook die van die mens geken word, sodat hy in sy volle menswees kan ontwikkel en gevorm word. Die klem moet dus op èn mens èn vak val. Die fakulteitsraad is verantwoordelik vir die koördinering van leergange en leerplanne; en juis omdat ŉ breëre en ruimere koördinering op hierdie vlak plaasvind, rus daar op die fakulteitsraad ŉ besondere verantwoordelikheid met betrekking tot die algemene en besondere ontwikkeling en vorming van die student: hy moet naamlik toesien dat die ewewigtige ontwikkeling en vorming gewaarborg word en dat die nodige - dog gebalanseerde - klem op die mens en die vak of groep vakke geplaas word. Die koördineringstaak van die senaat is nog breër, en eers op hierdie vlak voltooi die prent van die student se algemene en besondere ontwikkeling en vorming sig in die geheel. Op senaatsvlak geskied die finale besinning oor inhoud vir vorming en ontwikkeling van die geïntegreerde persoonlikheid wat die lewe moet ingaan. Vir sy aandeel aan die persoonsvorming staan elke instansie voor God verantwoordelik.

2.9.1.2.3 Vir die P.U. is die ideaal derhalwe die bereiking van ewewig tussen algemene en besondere kennisbemagtiging : uit die algemene kennisfondament moet die toring van besondere kennis opgerig word.

---

1. Coetzee, Op.cit. 23 en Bingle e.a. : Op cit. 25-30.

2.9.1.2.4 Op die vraag na die stadium waarin spesialisasie moet plaasvind, kan nouliks 'n kategoriese antwoord verstrek word, omdat dit in 'n besondere mate 'n indiwiduele aangeleentheid is. Dit word egter aanvaar dat die algemeen kulturele taak van die onderwys vanaf die kleuterskool tot in die universiteit strek dog dat spesialisasie geleidelik moet toeneem.

2.9.1.2.5 Coetzee voer aan dat die algemene kulturele taak van die universiteit daarin bestaan dat elke student gedurende sy voorgraadse studie minstens een vak uit elk van ses vakgroepe moet kies.[1] U Komitee aanvaar egter dat die algemene kennisbasis reeds in die middelbare skool gelê is en dat indien dit nie gedoen is nie, dit op daardie vlak, via die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, reggestel moet word. Aan die universiteit moet die matige spesialisasie van die middelbare skool verder gevoer word en moet kennisbemagtiging reeds toegespits word op 'n bepaalde groep vakke, in hoofsaak binne 'n bepaalde studierigting. Na die eerste studiejaar moet kennisbemagtiging egter toenemend gespesialiseerd word, totdat dit by die doktorsgraad in 'n afdeling van 'n vak kulmineer. Dit bly egter noodsaaklik dat ook hierdie spesialisasie hand aan hand moet gaan met fundering in die algemene kennisbasis, en hiervoor is filosofering van grondleggende betekenis.

2.9.1.2.6 Ook die vraag na die fasette van die ensiklopedie van die wetenskap wat verwerf moet word, kom nou in die gedrang. Vir die doeleindes van hierdie verslag is dit onnodig om op die hele problematiek van die ensiklopedie in te gaan. Daar word derhalwe volstaan met die volgende beskouing.[2]

2.9.1.2.7 Teoreties mag dit wenslik wees om, soos Coetzee beweer, die breë algemene kennisbasis van die middelbare skool op universiteit te verstewig deur veral vir die eerste studiejaar 'n oordeelkundige seleksie van minstens ses van die basiese wetenskappe uit die volgende hoofgroepe voor te skrywe : die religieuse, filosofiese, sosiologiese, natuurkundige, biologiese, wiskundige en ekonomiese.[3] Sodanige reëling hou, onder meer, die voordele in dat dit die keuse van 'n studierigting en totaliteitsiening mag bevorder. Dit hou egter onder meer, die nadele in dat selfs sodanige studie nog nie die volle omvang van die ensiklopedie behels nie en dat dit waarskynlik die studietyd met een jaar sal verleng, aangesien die matige dog noodsaaklike spesialisasie weens uitbreidende kennis alreeds nouliks in drie studiejare kan geskied. Die P.U. worstel reeds dekades lank met hierdie probleem en het die weg ingeslaan van geleidelike spesialisasie op die breë kennisfondament van die middelbare skool. Dit is die oorwoë oordeel van u Komitee dat hierdie beginsel gehandhaaf moet word en dat volstaan word met die huidige reëling.

---

1. Coetzee : Op. cit., 31.
2. Kyk Stoker, H.G. : Beginsels en metodes in die wetenskap, hoofstukke 26 tot 28.
3. Coetzee : Op. cit., 31

2.9.1.2.8 Geleidelike spesialisasie op universiteit moet reeds in die eerste studiejaar begin wanneer die student 'n studierigting kies : hy moet 'n bepaalde dog breë rigting inslaan, en sy hoof- en byvakke is reeds so onderling verweef en aanvullend dat daar, benewens die voorgeskrewe vakke, weinig ruimte vir vakke uit ander rigtings oorbly. Die bestaande reëlings moet derhalwe gehandhaaf word, met die voorbehoud egter dat die Senaat hom deeglik sal verantwoord t.o.v. die noodsaaklikheid en omvang van hulp- of byvakke. Die volgende vrae is hier ter sake : Is 'n volle eerstejaarskursus in 'n byvak noodsaaklik? Is dit doenlik om in sekere byvakke slegs semesterkursusse van 'n besondere aard en inhoud in te stel? Is dit doenlik om aspekte van sekere byvakke saam te groepeer in spesiale jaarkursusse? Die instelling van sodanige kursusse mag die voordeel van beter toespitsing op die behoeftes van hoofvakke en van 'n wyer keuse uit die ensiklopedie vir studente inhou.

2.9.1.2.9 Handhawing van bogenoemde beginsels van geleidelike spesialisasie hou nogtans twee ernstige gevare in, naamlik die gevaar dat die onervare eerstejaarstudent 'n onoordeelkundige keuse van studierigting doen en die gevaar dat totaliteitsiening, die insig in die samehang van die wetenskappe agterweë kan bly.

2.9.1.2.10 Die aangewese middels om hierdie gevare te onderskep is deeglike voorligting van studente in die universiteit en van voornemende studente aan middelbare skole en die instelling van 'n breë studiekursus wat die ganse ensiklopedie oorkoepel en wat die aard en funksies van elke wetenskap, die onderlinge vervlegtheid van die wetenskappe en van wetenskap en lewe en die samehang van die wetenskap toelig, sodat insig verwerf word in die verskeidenheid en totaliteit van die kosmos - dog, vir die P.U., steeds in sy gerigtheid op God. Albei hierdie middele bestaan reeds aan die P.U., nl. in die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkunde Dienste en Voorligting en in die departement Etiek en Logika. U Komitee is van oordeel dat op die ingeslane weg voortgegaan moet word.

2.9.1.2.11 Die vraagstuk van spesialisasie het egter nie slegs op die student betrekking nie maar ook op die universiteit : moet die universiteit hom slegs op bepaalde aspekte van die ensiklopedie toespits, of moet hy die hele terrein aandurf?

2.9.1.2.12 Die antwoord op hierdie vraag lê in die Skrif : „En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê : Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip".[1]

2.9.1.2.13 Dit is uit bogenoemde teks en uit die hele Skrif duidelik dat die mens op aarde gestel is met 'n taak. Hierdie taak is die kultuurtaak : beheersing van die deur God geskape werklikheid,

---

1. Genesis 1:28.

die natuur. Ook die wetenskap is sodanige kultuurtaak, en die wetenskapsbeoefening is as sodanig uitvoering van hierdie taak.

2.9.1.2.14 Die opdrag van God aan die mens is egter begrens. Dit raak slegs die onderwerping en beheersing van die aarde in sy breedste betekenis. Dit sluit derhalwe die hemelse skepping - die engele, engelewêreld en ook God - uit. Al kennis wat ons daarvan besit, het ons via die geopenbaarde Woord. Die wetenskap het derhalwe betrekking op, is die resultaat van die beheersing van die kenbare of aardse skepping. Daarom is die hele aardse skepping in sy ontplooiingstoestand terrein van ondersoek vir die wetenskaplike.

2.9.1.2.15 Ook hier het die P.U. ŉ besondere roeping : hy wil die kenbare in die lig van die geopenbaarde waarheid wetenskaplik bestudeer, en met hierdie kenbare tree die kenner, die wetenskaplike kenner, in regstreekse korrelasie deur sy analitiese funksie daarop te rig. Sowel kenbare as kenner bepaal derhalwe die inhoud van die kennis, en die kenner is òf kind van God òf nie. Vandaar dat die wetenskap as resultaat en as aktiwiteit religieus bepaald is en dat ŉ wetenskap beoefen in die lig van die Skrif Christelike, Skrifmatige wetenskap is.

2.9.1.2.16 Die P.U. moet dan, volgens sy vermoë, die hele ensiklopedie van die wetenskap beoefen, maar die vorming van die student om as volwaardige mens sy Godgegewe roeping op aarde te vervul moet vir die Universiteit voorop staan. Die student is geroepe tot leierskap op ŉ bepaalde, gespesialiseerde, terrein, maar hy staan binne die raamwerk van God se koninkryk op aarde as volwaardige mens, iemand by wie sy volle Godgegewe aanleg, al sy Godgegewe talente en vermoëns tot ŉ ewewigtige ontplooiing deur sy vorming moet kom - dus die algemene van sy vorming. Die slagspreuk „kennis om die kennis" word hiermee verwerp en die beginsel aanvaar dat die Universiteit soveel van die ensiklopedie moet insluit dat die leergang van elke student sodanige kennisterreine kan omvat as wat vir sy besondere roeping - insluitende sy beroep - nodig is.

2.9.1.2.17 Só gesien sal wat die Universiteit uit die ensiklopedie aanbied, bepaal word deur dit waartoe ons ons studente as mense wil vorm, en onmiddellik moet gekonstateer word dat die P.U. studente moet vorm om op elke gebied van die lewe leiers te verskaf.
Om dus ŉ analise van die ensiklopedie te maak is ŉ analise van die lewe van die mens nodig, en weer sal dit blyk dat die algemene vorming tot menswees net so belangrik is as die spesifieke vorming tot besondere diensbaarheid en leierskap.

2.9.1.2.18 Nasionale en godsdienstige leiers is, in die huidige kultuurpatroon, op die volgende gebiede nodig :

1) Kerklike terrein : teoloë en predikante;

2) staatsterrein : politici - nasionaal en internasionaal - diplomate, administrateurs (alle gebiede van die staatshuishouding), historici, argivarisse ens.;

3) ekonomiese terrein : ekonome, bankiers, rekenmeesters, ouditeurs, kosteberekenaars, distribusiehandelaars, nyweraars, aandelemakelaars, sekretarisse, aktuarisse ens.;

4) tegniese terrein : ingenieurs vir alle fasette, tegnoloë op alle gebiede, argitekte, boukundiges, beplanners (stads- en streeks-), metallurge, navorsers op alle gebiede, wo. fisies, chemies, elektronies ens., huishoudkundiges, statistici, beroeps- en ander voorligters, personeelbestuurders ens.;

5) mediese terrein : alle tipes geneeshere, tandheelkundiges, oogkundiges, liggaamsversorgers en masseurs, verpleërs, aptekers, fisioloë ens.;

6) kommunikasieterrein : perswese, radiowese (insluitende beeldradio), poswese (insluitende telekommunikasie), rolprentwese, biblioteekwese ens.;

7) regsterrein : regsvorming, regspraak, regshandhawing ens.;

8) landbouterrein : grondkundiges, plantkundiges, dierkundiges, bioloë en kundiges in alle vertakkinge van die landbou (insluitende genetici) ens.;

9) maatskaplike terrein : sosioloë, maatskaplike werkers, sielkundiges, volkekundiges ens.;

10) onderwysterrein : alle tipes onderwysers, voorligters ens.;

11) terrein van die skone kunste : beeldhou, musiek, skilder ens.

12) terrein van taal en lettere : letterkundiges, taalkundiges, beoefenaars van spraakleer en drama ens.;

13) ruimteterrein : wiskundiges, sterrekundiges, ruimtenavorsers, weerkundiges ens.;

2.9.1.2.19 Daar mag nog veel meer terreine en beter indelings wees, maar die bogenoemde dien tog as aanduiding van die gebiede waarvoor ons leiers moet vorm. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die kultuurpatroon in die toekoms mag verander, en ook daarvoor sal die Universiteit van tyd tot tyd voorsiening moet maak.

2.9.1.2.20 Dit lê dan op die weg van hierdie Universiteit om - met inagneming van die middele tot sy beskikking en van die aanvraag - die kennisbehoeftes van elk van bogemelde terreine te ontleed en leergange aan te bied. Dit sal noodwendig ꞌn uitbreiding meebring van dit wat vandag uit die ensiklopedie aangebied word, en dit mag ook ꞌn uitbreiding en/of herindeling van fakulteite meebring.

2.9.1.2.21 Die kernvraag by elk van bg. rigtings is : Wat is die spesialiseringsrigting van die student? Die antwoord sal bepaal watter vak of vakke daarvoor nodig is. Daarna moet bepaal word wat die mees fundamentele hulpvakke is, ook met die oog op die ontwikkeling en vorming van die student tot volwaardige mens. Só word sy leergang bepaal met die oog op die eindproduk wat gelewer moet word, en hiervolgens ook die duur van sy studie. Die studievakke wat geneem word, bly egter eenhede of afsplitsings van eenhede van die ensiklopedie van die wetenskap wat steeds volgens die aard van die wetenskap beoefen, ontgin en bemeester moet word.

2.9.1.2.22 Indien die Universiteit hierdie weg volg, sal hy altyd met die polsslag van die lewe in voeling bly en sal die volk des te meer na hom opsien, want dan sal hy werklik universitas wees. Dit spreek vanself dat ook hierdie opleiding in die lig van die Skrif moet plaasvind sodat ons kinders van God kan uitstuur wat moet gaan arbei binne sy koninkryk tot sy eer en tot heil van die gemeenskap waarin dit Hom behaag het om hulle te plaas.

2.9.1.2.23 Dit is uit die voorgaande duidelik dat die gespesialiseerde vorming ꞌn sterk beroepsgerigte tendens het en dat voorbereiding vir ꞌn geleerde professie beslis deel van die taak van die Universiteit is. [1]

2.9.1.2.24 Omdat die universiteit ꞌn samelewingskring is wat deur God gewil is en wat via sy raadsplan ontstaan het, met ꞌn eie roeping en soewereiniteit in eie kring maar funksionerend in intieme verband met al die ander kringe, kan die Universiteit hom nie van die lewe afsonder en in isolasie, in die studeerkamer, laboratorium of wetenskaplike geskrif krag soek nie. Hy moet binne die polsende lewe staan. As hy professioneel toegeruste leiers op alle lewensterreine wil vorm, moet hy die vereistes van die lewensterreine ken ten einde daaraan te voldoen. Die ideaal is derhalwe dat daar ꞌn voortdurende tweerigtingverkeer tussen die Universiteit en die lewe moet wees : die Universiteit moet wetenskap, kennis, metode, tegniek en beginsel die lewe indra maar op sy beurt bevrug word deur die ervaring en behoeftes van die lewenspraktyk.

2.9.1.3 Kennisontginning

2.9.1.3.1 Die tweede aspek van wetenskapsbeoefening is navorsing om die wonder van die skepping bloot te lê, die sisteem van die wetenskap voortdurend op ꞌn meer

---

1. Vgl. ook Coetzee: Op. cit. 20, 21 en 28.

verantwoorde basis te plaas en om akademiese wakkerheid by dosent en student te verseker. Ook op hierdie gebied het die universiteit ŉ groot en die P.U. vir C.H.O. ŉ besondere roeping omdat hy, soos hoërop aangedui is, geroepe is om die volle ensiklopedie van die wetenskap nie net, menslik gesproke, ten volle te ontgin nie dog ook onder die tug van die Woord te bring.

2.9.1.3.2 Doeltreffende navorsing vereis egter goed toegeruste en bemande departemente, met die daarmee gepaardgaande onkoste. Dit is derhalwe vir die Universiteit bykans onmoontlik om alle kennisterreine te ontgin, omdat die omvang van navorsing noodwendig deur sy finansiële hulpbronne bepaal word. Daarom moet die navorsingsprojekte met die grootste oorleg op die belangrikste fronte toegespits word.

2.9.1.3.3 Navorsing aan universiteite omvat ŉ verskeidenheid aktiwiteite wat strek vanaf die indelwing in basiese kennis, deur toegepaste navorsing deur verskillende staats-, nywerheids- en ander instansies gesubsidieer, tot by die beoefening van verskillende grade van oorspronklikheid deur nagraadse studente. Die aard van die navorsing verskil van projek tot projek en van dissipline tot dissipline. In die natuurwetenskappe word byvoorbeeld oorwegend eksperimentele projekte aangepak, terwyl navorsing in die humaniora en verwante gebiede die navorsing dikwels die vorm van intensiewe studie van ŉ kennisterrein of ŉ ekstensiewe oorsig van die reeds ontgonne gebied aanneem. Die volle verskeidenheid van navorsingsaktiwiteite moet ewewigtige erkenning geniet - ook by die toekenning van navorsingstoelaes.

2.9.1.3.4 Ook wat navorsing betref, moet enersyds gewaak word teen oordrewe spesialisasie, en andersyds moet die verband met die lewe en die tweerigtingverkeer tussen lewe en universiteit in stand gehou word. Benewens die basiese navorsing waardeur nuwe potensialiteite vir toepassing blootgelê word, waardeur die sintese, sistematisering en integrasie van kennis bevorder word en wat ŉ essensiële faktor in die gevorderde opleiding is, moet die Universiteit in samewerking met belanghebbende instansies buite die Universiteit - tot wedersydse voordeel en verryking - gesamentlike en/of gesubsidieerde gerigte navorsing aanpak.

2.9.1.3.5 Dit is ewe noodsaaklik dat die plek van kennisontginning in die Universiteit in ag geneem word : dit is ŉ essensiële funksie, dog dit mag nie ten koste van die ander funksies - kennisbemagtiging, metodebeoefening en opvoeding - oordryf word nie. Dit is noodsaaklik dat elke funksie tot sy reg kom dog ook dat die nodige ewewig tussen die funksies gehandhaaf word, en hierin het iedere dosent en elke verantwoordelike instansie in die Universiteit ŉ verantwoordelikheid.

2.9.1.4 Metodebeoefening

2.9.1.4.1 Dit is die derde faset van wetenskapsbeoefening en ŉ net so belangrike funksie van die universiteit as kennisbemagtiging en kennisontginning. Trouens, indien kennisbemagtiging en kennisontginning tot volle ontplooiing gebring wil word, is metodevoo

beoefening essensieel.

2.9.1.4.2 „Wetenskaplike metode is ꞑ wyse van beplande verifierende en sistematiserende handeling (of werk) wat as middel (waar moontlik met behulp van middele) diens doen om met gebruikmaking van wat wetenskaplike kenbaar is, wetenskap (d.w.s. geverifieerde en gesistematiseerde kennis) te vorm".[1] Daar bestaan ꞑ groot verskeidenheid wetenskaplike metodes, elk tot sy eie besondere taak en funksie beperk maar tog nie losstaande nie dog mekaar aanvullend. Daarom moet in die wetenskap as geheel en in elke besondere wetenskap in die besonder alle aangewese metodes in onderlinge aanvulling gebruik word om die eenheid en samehang van die ryke verskeidenheid van die werklikheid tot sy volle reg te laat kom.[2] Daarom moet die dosent self die metodologie beheers ten einde die student daarin te vorm, en dit vind ten beste in die deelname aan navorsingsprojekte plaas.

2.9.1.4.3 Met die oog op kennisbemagtiging en kennisontginning is metode essensieel, maar dit is nie voldoende om slegs bestaande metodes te bemeester nie.[3] Dit is belangriker om metodemaker te word, ontwerper van metodes om nuwe terreine van die kenbare te ontgin, en dit vereis van dosent en student die uiterste inspanning, ontwikkeling en besondere vorming.[4]

Die eerste hooffunksie van die Universiteit, naamlik wetenskapsbeoefening, moet dan gesien word as die integrasie van kennisbemagtiging, kennisontginning en metodebeoefening na die Christelike beginsel.

2.9.2 <u>Opvoeding</u>

2.9.2.1 Na die wese van die universiteit is opvoeding sy tweede hooffunksie. Ook hierdie konsepsie verg nadere beskouing.

2.9.2.2 Opvoeding is „... ꞑ opsetlike, bewuste, planmatige, doelbewuste en doelnastrewende werksaamheid, handeling of daad wat die vorming van die onvolwasse* mens as mens op die oog het om hom daardeur uit ꞑ toestand van kinderlikheid oor en op te lei na ꞑ toestand van volwassenheid. Maar die onvolwassene is by die opleiding nooit passief nie; hy neem ꞑ aktiewe aandeel aan sy grootwording: hy leer deur die onderrig wat aan hom gegee word".[5]

2.9.2.3 Opvoeding openbaar derhalwe twee aspekte, te wete die doelbewuste leiding, onderrig, <u>vorming</u> deur die opvoeder en die wording, groei, <u>ontwikkeling</u> van die onryp opvoedeling.[6] Deur sy leiding en vorming verskaf die opvoeder nie net die gunstigste omstandighede vir die groei en ontwikkeling van die opvoedeling nie maar stuur hy dit ook in ꞑ bepaalde rigting.

---

1. Stoker, H.G. : Op. cit. 52,
2. Ibid, 106-7.
3. Bingle, e.a. : Op.cit.,26,
4. Ibid., loc. cit.

* In hierdie algemene definisie word die term <u>onvolwasse</u> gebruik. In die besondere universiteitsopvoeding is die term <u>onryp</u> egter verkieslik. ꞑ Student kan op een of meer gebiede ryp wees dog op andere - soos byvoorbeeld t.o.v. kennis en navorsing - nog onryp.

5. Coetzee, J.C. : Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, 87.
6. Ibid, 88

2.9.2.4 Omdat opvoeding 'n „opsetlike, bewuste, planmatige, doelnastrewende" werksaamheid van die dosent is, kan dit nooit beskou word as 'n neweproduk, as 'n natuurlike uitvloeisel van wetenskapsbeoefening nie. Dit kan nie aanvaar word dat opvoeding vanself uit kennisbemagtiging, kennisontginning en metodebeoefening sal vloei nie. Dit lê dus op die weg van die dosent om in die wetenskapsbeoefening geleenthede vir vorming en gunstige omstandighede vir die groei en ontwikkeling van die student te skep.

2.9.2.5 Die opvoedingsfunksie van die universiteit moet egter ook vanuit 'n ander hoek beskou word : na sy wese is die universiteit 'n plek waar mense wetenskap beoefen. Daarom is 'n vanselfsprekende funksie die vorming van 'n bepaalde tipe mens - die wetenskaplike -, wat op sy beurt professionele mens en per slot van rekening mens is. Dit bring mee dat die universitêre opvoeding 'n besondere en 'n algemene funksie moet vervul, te wete <u>intellektuele vorming en ontwikkeling</u> en <u>algemene opvoeding van die hele mens</u>. Die vraag is nou : Wat behels hierdie funksies?

2.9.2.5.1 <u>Intellektuele vorming en ontwikkeling</u>

2.9.2.5.1.1 Die mens is 'n lewende wese en moet homself as sodanig handhaaf in die fisiese en biologiese omgewing waarin hy deur God geplaas is met die opdrag om die aarde te onderwerp en daaroor te heers. Hiertoe is nodig <u>kennis</u> en die <u>ontwikkeling van die denke</u> en ook <u>toerusting vir 'n beroep</u>.

2.9.2.5.1.2 As redelike wese is die mens met verstand toegerus om oor die aarde te heers, en daarom moet die Universiteit die student verstandelik vorm en ontwikkel deur hom doelbewus en bepland in probleemsituasies te plaas en hom in die logiese en wetenskaplike benadering daarvan te lei. Sodoende word die gunstige klimaat geskep vir aktiewe, denkende verwerwing van kennis, insig, tegnieke en metodes en vir verstandelike ontwikkeling deur inspanning. Bingle[1] benadruk die feit dat die universitêre opvoeding deur die toenemende problematiek van die moderne lewe daartoe gedwing is om die klem te verskuif vanaf oordrag van kennis en metodes - wat vandag van waarde dog môre verouderd is - na intellektuele ontwikkeling langs die weg van kennis en geïntensifieerde toepassing van die uitbreidende kennis van die leerproses. Deur die intellek te vorm en tot ontwikkeling te prikkel word getrag om die student - die potensiële leier - toe te rus om probleme van vandag, môre en oor dertig jaar te benader, om self planmaker, metodemaker te word; om die wetenskap nog uitnemender te beoefen en die grense van menslike heerskappy oor die natuur - ook sy eie natuur - toenemend uit te brei.

2.9.2.5.1.3 Die student, toegerus met die vermoë om kennis te bemeester en probleme selfstandig op te los, het reeds ver gevorder op die weg na 'n beroep. Maar toerusting vir 'n beroep stel aan die Christelike universiteit 'n veel hoër eis : dit moet die student nie slegs vir 'n betrekking voorberei nie maar hom laat

---

1. Rapport aan die Raad van die P.U. vir C.H.O. oor universiteitsontwikkeling, 25-26.

besef en uitleef dat 'n betrekking 'n roeping is, dat elke werk 'n taak deur God opgelê is en tot sy eer verrig moet word.

2.9.2.5.1.4 Vir die mens, die universiteit en die volk wat in die wêreld is, is hierdie intellektuele vorming en ontwikkeling van potensiële leiers van lewensbelang, en daarom is dit 'n essensiële funksie van die P.U. vir C.H.O. Maar vir die mens en die Universiteit wat nie ván die wêreld is nie, is sodanige mensverankerde intellektuele ontwikkeling onvoldoende : die student se oog moet na bo gerig word, na God, die Gewer van kennis, verstand en krag en wat van God af ingryp en dit moontlik maak om in sy lig die lig te sien. Die Universiteit moet die student lei tot insig in die Christelike wetenskap, waarin die Christelike wetenskaplike al die materiaal gebruik wat andere gebruik maar daarby ook die Heilige Skrif, sodat elke lewensituasie en ontdekking onder die tug van die Woord gebring word.

2.9.2.5.2 <u>Algemene opvoeding</u>

2.9.2.5.2.1 Hierdie funksie van die universiteit behels die ewewigtige vorming en ontwikkeling van die student in al sy aspekte - liggaam, verstand, gevoel en wil - tot volkome mens, en vir die P.U. behels dit die vorming en ontwikkeling van die volkome mens van God wat in staat sal wees om elke lewensituasie in die lig van die Woord te beheers.

2.9.2.5.2.2 Vorming van volkome mense van God stel besondere eise aan elke dosent. Dit verg dat doelbewuste leiding gegee word, dat gunstige omstandighede geskep word en dat prikkeling plaasvind tot die hoogs moontlike graad van ontwikkeling van elke student op religieuse, filosofiese, etiese, estetiese, biologiese, fisiologiese, psigologiese, sosiologiese en politiese terrein, benewens op die reeds genoemde verstandelike en beroepsgebied. Elkeen van hierdie funksies verg nadere beskouing.

2.9.2.5.2.3 Religieuse vorming en ontwikkeling verg dat die student gebring moet word tot kennis en vrees van God en tot bewuste nalewing van die eerste tafel van die Wet, sodat hy uit liefde tot God sy lewe aan die eer van God toewy. Hiertoe is by uitstek nodig die voorbeeld van die godvresende dosent wat sy wetenskap beoefen en sy lewe voer in die lig van en tot eer van God, maar ook is nodig onderwysing, teregwysing en godsdienstige versorging.

2.9.2.5.2.4 Filosofiese vorming en ontwikkeling verg delwing in die grondvrae na die oorsprong, wese en bestemming van mense en dinge en gerigte dieper indringing in die kenbare as wat die sintuiglike skone toelaat. Hiertoe is nodig oordrag van kennis, ontwikkeling van logiese denke en konfrontasie met die grondleggende probleme, maar belangriker nog is die omgang met, die voorbeeld en die lering van die dosent. Die ware leermeester dring nie sy opinies aan die student op nie, verwag geen slaafse napratery nie maar stel sy opvattinge as voorbeeld. Aan 'n Christelike universiteit is hierdie roeping veel hoër, omdat die oog ook gerig moet word op die transendente, op die vorming van 'n Skrifmatige - en, wat die P.U. betref, 'n Calvinistiese - lewens- en wêreldbeskouing.

2.9.2.5.2.5 Etiese vorming en ontwikkeling verg dat die sedelewe van die student tot volle maar gerigte ontplooiing gebring word, sodat hy kom tot nalewing van die tweede tafel van die Wet, te wete liefde tot die naaste. In gehoorsaamheid aan hierdie liefdesgebod het die Universiteit die taak om die student te voer tot bewuste nalewing van die Goddelike wette in die akademiese sfeer maar ook in die persoonlike verhoudinge binne die praktiese omgang van student en Universiteitspersoneel, student en student - ook van man tot dame -, en van student tot die volle verskeidenheid van sy etiese verhoudinge. Sodoende word die basis by die student gelê vir huidige en toekomstige vriendskapsbande, vir ꞌn eventuele huweliks- en gesinslewe en vir ewewigtige toepassing van Skrifmatige etiese norme in al die fasette van sy lewe.

2.9.2.5.2.6 Estetiese vorming en ontwikkeling verg dat die student sodanig gevorm word dat sy lewe esteties normatief ontplooi, sodat hy nie in die kultus van skoonheid om die skoonheid verval nie maar, in aansluiting by die liefdeswet, tot ontdekking kom van die skoonheid van die skepping en die innerlike belewing daarvan en bo alles tot insig in die majesteitlike van God, die Skepper van skoonheid en die Gewer van die menslike gawes om skoonheid voort te bring en te geniet. Sodoende word die gunstige bodem berei vir ꞌn harmonies gebalanseerde lewe binne ꞌn lewenstyl eie aan die kind van God in die wêreld maar nie van die wêreld nie.

2.9.2.5.2.7 Biologiese vorming en ontwikkeling verg dat die student toegerus moet word om hom as mens te handhaaf, selfstandig dog steunend op God te staan en hom steeds in en aan te pas by sy fisiese en sosiale milieu. Hiertoe is nodig toerusting vir ꞌn beroep maar ook vryheid in gebondenheid om deur eie aktiwiteit ꞌn lewenspatroon te vind.

2.9.2.5.2.8 Fisiologiese vorming en ontwikkeling verg dat ook die liggaam van die student versorg, geoefen en doelbewus ontwikkel moet word. Ook hier het die Universiteit ꞌn taak : wat die inwonende student betref, die noodsaaklike versorging en voeding in die koshuise, en wat alle studente betref, voortdurende harmoniese oefening van alle organe deur manipulasie van apparaat, handewerk, gimnastiek en sport.

2.9.2.5.2.9 Psigologiese vorming en ontwikkeling verg dat ook al die psigiese vermoëns - die waarneming, voorstelling, geheue, verstand, gevoel en strewinge - doelbewus gevorm moet word en dat gunstige omstandighede vir die harmoniese ontwikkeling daarvan geskep moet word, sodat die mens van God tot volle ontplooiing kan kom om sy roeping as profeet, priester en koning te volbring.

2.9.2.5.2.10 Sosiologiese vorming en ontwikkeling is ewe noodsaaklik, omdat die mens enkeling maar ook sosiale wese is wat met sy medemens moet saam lewe. Hierdie vorming behels vir die Christelike universiteit iets anders as aanpassing, gelykmaking, opgaan in die groep. Dit behels naamlik behoud van die individualiteit, van beginsels maar ontwikkeling van die vermoë om in die samelewing in te pas. Hierdie inpassing is

gegrond op aanvaarding, handhawing en nalewing van die Skrifmatige etiese norme. Die student moet derhalwe gelei word om hom die gemeenskaplike Christelike lewenswaardes toe te eien en tot eer van God en heil van sy medemens toe te pas, naamlik pligsbesef, redelikheid, trou, goeie gesindheid, matigheid, moed, ordelikheid, wetsgehoorsaamheid, verdraagsaamheid, selfbeheersing, saamhorigheid, vryheid en verantwoordelikheid en so meer.

2.9.2.5.2.11. Politiese vorming en ontwikkeling verg dat die student gelei word om die staatkundige verband waarin hy lewe, te verstaan en te eerbiedig. Die Christelike dosent het 'n roeping om die student Christelik-Nasionaal te vorm deur hom te lei tot aanvaarding van God Drie-enig as Skepper en Here van volkere en nasies en as Beskikker van hulle bestemming en tot handhawing en nalewing van die Christelike sedelike norme ook in staatkundige en internasionale verband.

2.9.2.6 Die tweede hooffunksie van die Universiteit, naamlik opvoeding, is dan die ewewigtige integrasie van intellektuele en algemene vorming en ontwikkeling wat uitloop op die vorming van die mens van God vir alle goeie werke volkome toeberei.

2.10 Hierdie opvatting van die wese van die Universiteit en die daaruit voortspruitende funksies is bepalend vir die doelstellinge van die Universiteit.

## 3. DIE DOEL VAN DIE UNIVERSITEIT

3.1 Dit is 'n basiese pedagogiese beginsel dat die lewens- en wêreldbeskouing vir alle doelstellings bepalend is. In ooreenstemming met sy Calvinistiese grondslag en voortvloeiend uit sy funksies - soos hierbo uiteengesit - kan die doel van die P.U. vir C.H.O. soos volg saamgevat word.[1]

3.2 Wetenskapsbeoefening deur dosente en studente, en dit sluit in :

3.2.1 Kennisbemagtiging deur elke dosent en student, sodat elkeen op 'n bepaalde terrein van die ensiklopedie van die wetenskap 'n weg deur die opgehoopte kennis van eeue kan vind en 'n sinvolle begrip van 'n vak of 'n afdeling van die wetenskap kan verkry; sodat die gesamentlike poging soveel fasette van die ensiklopedie van die wetenskap as wat moontlik is, kan omvat en sodat insig verkry kan word in die samehang van die wetenskap in sy verhouding tot God.

3.2.2 Kennisontginning of navorsing op soveel moontlike terreine van die kenbare om die wonder van God se skepping bloot te lê en aan die mens diensbaar te maak, om die sisteem van die wetenskap op steeds meer verantwoorde basis te plaas en om soveel moontlik van die kenbare onder die tug van die Skrif te bring.

3.2.3 Metodebeoefening om die wetenskapsbeoefening steeds meer te vervolmaak en kennisbemagtiging en navorsing tot volle ontplooiing te bring.

---

1. Vgl. die voorgaande wesenskou vir die breëre inhoud van die verskillende doeleindes.

3.3 Opvoeding van studente, en dit sluit in :

3.3.1 Intellektuele ontwikkeling en vorming en professionele toerusting.

3.3.2 Opvoeding van die hele mens tot mens van God wat in staat sal wees om elke lewensituasie in die lig van die Woord te beheers.

3.4 Die twee hoofdoeleindes, wetenskapsbeoefening en opvoeding, is so innig verweef dat dit 'n ondeelbare eenheid in die universiteit vorm.

3.5 Volgens departementele verslae word hierdie Universiteitsdoel algemeen aanvaar en deur die onderskeie departementele doelstellinge gedien.[1]

4. In die lig van die voorgaande wesenskou en die daaruit voortvloeiende doelstelling sal die verskillende fasette van die akademiese lewe aan die P.U. vervolgens bestudeer word.

---

1. Vgl. die antwoorde op vrae AI, 1 en 2.